Die historiese in die hede : Dinamika van die De la Rey-fenomeen in Afrikanerkringe, 2006-2007

Albert Grundlingh[1]
Departement Geskiedenis
Universiteit van Stellenbosch

Abstract

In 2006 - 2007 an Afrikaans song about an intrepid Boer general, JH de la Rey, during the Anglo-Boer War sold an unprecedented 200,000 compact discs and attracted extraordinary media attention.This article attempts to explain why the song became so popular, what it meant for different Afrikaner groupings and why it was deemed to be controversial. The dynamics of the phenomenon are unpacked in terms of the rise of nostalgia in Afrikaner circles – a yearning for and a reclamation of a pre-apartheid sanitized past. This process, it is argued, does not necessarily reflect a revival of old-style political Afrikaner nationalism, but rather a disenchantment with developments since 1994 under an African National Congress government and a re-assertion of cultural identity in the face of what some perceive as deliberate marginalization of Afrikaner interests.

Inleiding

Op 'n heel ongewone wyse het 'n dimensie van die Anglo-Boereoorlog van meer as 100 jaar gelede in 2006 en 2007 aan die deur van Afrikanerdom kom klop in die vorm van 'n populêre liedjie met die titel ''De la Rey." Die liedjie handel oor die lotgevalle van die Boere te velde onder die charismatiese leierskap van Generaal Jacobus Hendrik (Koos) de la Rey. Ten tye van die 100-jarige herdenkinge van die Anglo-Boereoorlog gedurende 1999-2002, was daar weinig tekens van mobilisering rondom vervloë oorlogsgebeure; trouens Afrikaners se herdenking van die oorlog is meer deur oorwoë besinning as

1 Ek is dank verskuldig aan Sandra Swart, Hermann Giliomee, Siegfried Huigen, Kees van der Waal, Charles van Onselen, Lize-Marie van der Watt en anonieme keurders vir kritiese kommentaar op konsepweergawes van hierdie artikel. Enige tekortkominge is natuurlik vir my eie rekening.

emosionele herbelewenis gekenmerk.[2] Vier jaar later het "De la Rey" egter 'n ryk aar raak geboor.

Historiese geheue is nie slegs van nut by die herkonstruksie van gebeurtenisse in die verlede nie, maar kan ook daartoe bydra om lig op omstandighede in die hede te werp. Terselfdertyd kan historiese gebeure herrangskik word na gelang van die behoeftes van die hede. Insgelyks is daar nie 'n voorgeskrewe wyse waarop die verlede hom by die hede aanmeld nie. Derhalwe kan dit historici loon om hulle net wyd te gooi en nie populêre musiek as 'n manifestasie van historiese bewussyn oor die hoof te sien nie.[3]

Die artikel poog om die rasionaal vir die impak van die liedjie asook die breër betekenis daarvan te peil. Daar word gelet op die skeppingsmoment van die lied , die mitiese aard van die De la Rey-figuur, die politiek van nostalgie, en kontekstuele verskille in die vertolking van die lied.

"Bokmania"

Gekoppel met 'n aansteeklike deuntjie in ballade vorm het die lirieke van die "De la Rey" talle gaande gehad:

> Op 'n berg in die nag
> lê ons in die donker en wag
> in die modder en bloed lê ek koud,
> streepsak en reën kleef teen my
> en my huis en my plaas tot kole verbrand sodat hulle ons kan vang,
> maar daai vlamme en vuur brand nou diep,diep binne my.
>
> De La Rey, De La Rey sal jy die Boere kom lei?
> De la Rey, De La Rey
> Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val.
> Generaal De La Rey.

2 A Grundlingh, "Reframing remembrance: the politics of the centenary commemorations of the South African War of 1899-1902" *Journal of Southern African Studies*, (30)2, June 2004, pp. 369-375.

3 J Colmeiro, "Canciones con histoira: Cultural identity, historical memory and popular songs", *Journal of Spanish Cultural Studies,* 4, 1, 2003, p. 31;T Herbert, "Social history and music history", M Clayton, T Herbert en R Middleton (reds.), *The cultural study of music: a critical introduction* (Routledge, Londen, 2001), pp. 146-155.

Oor die Kakies wat lag,
`n handjie van ons teen `n hele groot mag
en die kranse lê hier teen ons rug,
hulle dink dis verby.
Maar die hart van `n boer lê dieper en wyer, hulle gaan dit nog sien
Op `n perd kom hy aan, die Leeu van die Wes-Transvaal.

De La Rey, De La Rey sal jy die Boere kom lei?
De la Rey, De La Rey
Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val.
Generaal De La Rey.
Want my vrou en my kind lê in `n kamp en vergaan,
En die Kakies se murg loop oor `n nasie wat weer sal opstaan.

De La Rey, De La Rey sal jy die Boere kom lei?
De la Rey, De La Rey
Generaal, generaal soos een man, sal ons om jou val
Generaal De La Rey.

Binne minder as ‘n jaar het Bok van Blerk die ongeëwenaarde getal van 200 000 kompakskywe verkoop – ‘n besondere prestasie in ‘n relatiewe klein mark. Hierbenewens was sy konserte stampvol geesdriftige aanhangers en is hy ‘n jaar vooruit bespreek; vanaf die Suid-Afrikaanse platteland tot in Amerika, Kanada, Nederland en Nieu-Zeeland.[4]

Vir baie aanhangers is die konserte emosionele belewenisse. Sommige tieners is totaal meegevoer: met toe oë en die hand op die bors gaan hulle bykans in ‘n beswyming met die eerste akkoorde van “De la Rey”. Onder die entoesiastiese skare is daar diegene wat die lied niks minder as ‘n nuwe volkslied beskou nie.[5] Dit is boonop ‘n lied wat nie slegs tot die jeug spreek nie. Op Potchefstroom waar Bok van Blerk met die Aardklop Kunstefees opgetree het, het “tannies met goueraam-leesbrille” die woorde saamgeprewel en terwyl “ooms met Piet Retief-baarde” opgespring en luidkeels saam met studente gesing het.[6]

4 Anon., “Dié Bok se bokkies wil hom héé́é!”, *Die Burger*, 7 Februarie 2007.
5 Anon., “Hoe rey die boere? Jil-jil so!”, *Die Huisgenoot*, 15 Februarie 2007.
6 Anon., “Bok van Blerk se magtige dreuning” *Die Beeld*, 28 September 2006.

In Londen, waar 'n toenemende aantal Suid-Afrikaanse blanke jeugdiges 'n jaar of wat deurbring ten einde voordeel uit die rand-pond wisselkoers te trek, is 'n vertoning van Bok van Blerk voor talle jongmense wat reeds met 'n mate van heimweë vervul is, met ewe veel of as dit moontlik is, selfs met meer akklamasie as in Suid-Afrika begroet. 'n Joernalis[7] het die konsert en die opwinding wat daarmee gepaard gegaan het, in beeldende terme beskryf:

> Dan die oomblik waarop almal gewag het. Bok se kitaar laat die spanning opbou, drie tellings, vyf, elf. Op 'n berg in die nag, lê ons in donker en wag... 'n Kragstroom gaan deur die gehoor. Die honderde jong gesigte blink, mobiele foonkameras word hoogegehou, dis 'n oerwoud van wuiwende arms en gebalde vuiste. Die nuwe geslag sing tussen fees en religie: " De la Rey, de la Rey, sal jy die Boere kom lei... En dan weer 'n keer, dit waarop almal wag: 'Generaal, generaal, sal jy die boere kom haal.' Die nuwe geslag Boere kom haal wat mekaar om die skouers vat, en in kettings heen-en-weer wieg terwyl hulle saamsing in die nag. In Londen en Orania. In Centurion. In 'n Vrystaat.

Aanvullend tot die konserte en die kompakskyf is daar ook 'n musiekvideo wat gebeure in die Anglo-Boereloorlog, soos plaasverbranding, die konsentrasiekampe en heldhaftige verset van die Bittereinders treffend uitbeeld. Simbolies word op 'n herverbeelding van Afrikanergeskiedenis gesinspeel: 'n verbintenis tot plek soos bevestig deur 'n "boer" (gespeel deur Van Blerk) wat buk om 'n handvol grond op te skep, terwyl dié gebaar "die vlamme en vuur diep binne" hom oproep. Onderliggend word identiteit hier verbind met "iets waarop gestaan kan word, iets waarvoor opgestaan kan word".[8] Terselfdertyd skemer daar ook in die video elemente van slagofferskap deur met die uitbeelding van 'n blondekop kind wat beteuterd en ontredderd by 'n konsetrasiekamphek staan.[9]

Aangevuur deur wydverspreide mediadekking - selfs die *New York Times* het 'n lang berig geplaas[10] - het "De la Rey" gou kultusstatus verwerf. Inteenstelling met die ongekende gewildheid van die lied, was musiekresesente aanvanklik met die vrystelling van die kompakskyf ietwat louwarm in hulle oordeel. Ofskoon Van Blerk breër blootstelling verdien, is geargumenteer, sou "De la Rey" eintlik net op die platteland aftrek kry.[11] Die emosies wat die lied oor 'n wye spektrum losgemaak het, moes selfs vir deurwinterde resensente 'n openbaring gewees het.

7 Anon., " De la Rey lei die Boere in Londen", Akroplis, 17 Maart 2007.
8 A du Preez, "Van generaals en kapteins", *Die Vrye Afrikaan*, 15 Desember 2006.
9 Siegfried Huigen het die skrywer van hierdie artikel daarrop attent gemaak.
10 Anon., "Song wakens injured pride of Afrikaners", *New York Times*, 20 Februarie 2007.
11 http://www.dinamiet.co.za/resensie 2006 September (soos besoek op 6 November 2006).

Alhoewel die emosionele belewenis van die lied 'n ooglopende kenmerk van die fenomeen is, sou dit misleidend wees om bloot op die gevoelsmatige aspekte te fokus. Ontleders van die verbande tussen musiek en populêre musiek vestig ons aandag daarop dat rituele gedrag soos dit in musiek en dans uitdrukking vind, ook 'n eie rasionaal het. Dit is in der waarheid 'n vervlegting van die emosionele en die rasionele, soos A Jamison en R Eyerman[12] verduidelik:

> Collective singing rituals can also capture, in a brief transient moment, a glimpse of, and a feeling for, a spititual bonding which is both rational and emotive at one and the same time.

Die implikasie hiervan is dat die "De la Rey" histerie in die vorm van 'n bykans rituele godsdienstige tipe belewenis en die ekstatiese vervoering wat daarmee gepaard gegaan het, ook 'n onderliggende rasionele element bevat. In 'n poging om die rasionele komponent te ontbloot, is dit onder andere nodig om meer oor die sanger en sy lied vas te stel asook die historiese figuur wat hy in herinnering geroep het.

Bok van Blerk en generaal Koos de la Rey: Die heropwekker en die herontwaakte

Bok van Blerk is die verhoognaam vir Louis Pepler, 'n 28 jarige gegradueerde boubestuurder van Pretoria. Vir 'n wyle het die Pepler op kleinhoewe buite die stad gebly en 'n sekere aanvoeling vir die plaaslewe opgedoen. Sy skoolloopbaan het hy in bekende Afrikaanse skole in die stad voltooi voordat hy na die Universiteit van Pretoria is. Daarna het hy 'n tyd in Engeland gewerk. Van vroeg af het hy 'n sekere talent as verhoogkunstenaar getoon en onder andere as skooldirigent opgetree, maar dit is eers vanf 2005 dat hy hom deeltyds in die musiekbedryf begewe het. Die naam "Bok van Blerk" kom as bynaam blykbaar al van skooldae af.[13] As verhoognaam weerspieël dit 'n aardsheid en die alliterasie verseker dat dit maklik onthou kan word.

Die medeskeppers van "De la Rey" was Bok van Blerk se vriende, Sean Else (32 jaar) en Johan Vorster (26 jaar) wat oor 'n goeie kennis van die vermaaklikheidswêreld beskik het en ook die stigters van Mozi platemaatskappy is. Hoewel dit 'n spanpoging was, het Else en Vorster 'n ruim aandeel in die

12 R Eyerman & A Jamison, *Music and social movements: Mobilizing traditions in the twentieth century (*Cambridge University Press, Cambridge, 1998), p. 36.

13 "Hanlie Retief gesels met Bok van Blerk", *Rapport,* 27 Januarie 2007; www.bokvanblerk.co.za (soos besoek op 8 Mei 2007).

formulering van die lirieke gehad. Veral Else het 'n grondiger kennis van die Anglo-Boereoorlog gehad as die ander twee, maar dit wil voorkom asof Van Blerk en Vorster die dryfveer agter die melodie was. Die skeppingsmoment van die lied, nadat hulle op pad na 'n wildplaas in die Nelspruitdistrik oor die moontlikheid van'n lied oor 'n Boeregeneraal gespekuleer het, is soos volg deur Vorster aan 'n joernalis oorvertel:[14]

> Op die plaas het ons met 'n kitaar om die vuur gaan sit en Sean het binne minute die lirieke voltooi. Toe ons dit vir die plaaseienaar sing en hy met trane in sy oë begin saamsing, het ons geweet dat ons iets beet het. Bok het later 'n paar veranderinge aangebring en met sy stem en persoonlikheid lewe in die lied geblaas.

Wat was Van Blerk se bedoeling om De la Rey te laat herontwaak? Van Blerk is gereeld hieroor deur die media uitgevra en sy antwoord was konstant dat dit bloot oor 'n historiese figuur gaan en nie met politieke oogmerke gedoen is nie.[15] Wat egter die kwessie kompliseer, is dat daar uiteraard vele vlakke van politieke uitdrukking is. Indien daar gefokus word op overte en eksplisiete programmatiese oogmerke, is daar geen getuienis dat Van Blerk en sy groep enige verbintenisse met georganiseerde politiek voor die vrystelling van die kompakskyf gehad het nie. Maar daar kan ook ander dimensies van politieke betrokkenheid wees. L Goehr in 'n uiteensetting van korrelasie tussen politiek en musiek het op die volgende gewys:

> that by denying involvement with the political, musicians might be playing out in music their most effective political role - ... in abstraction, in transcendence. ... In general, abstraction or transcendence has been seen to be achieved in the employment of creativity, imagination, and contemplation in what nearly two centuries ago was referred to as the 'the free play of faculties'.[16]

Dit kan argumenteer word dat dit op hierdie breë vlak van transendasie is wat "De la Rey" se politieke aard navore kom – dit speel in op die kultuurhistoriese en laat binne diè kader ruimte vir die vorming van vrye assosiasies. Vir Van Blerk gaan dit om die herstel van 'n gedeelte van die geskiedenis wat dreig om in die vergetelheid verlore te raak en hy baken self die terrein waarop hy beweeg af: "Patriotisme is nie altyd polities nie. Vra vir die Skotse mense wat tot vandag toe nog huil as 'Flower of Scotland' gespeel word. Dit raak aan die

14 Anon., "Bok maak hart oop oor De la Rey", *Rapport*, 27 Januarie 2007; Anon., "De la Rey, o red ons trots", *Die Husigenoot*, 2 November 2006.

15 Anon., "De la Rey, o red ons trots", *Die Huisgenoot*, 2 November 2006.

16 L Goehr, "Political music and the politics of music", *The Journal of Aesthetics and Art Criticism*, (52) 1, Winter, 1994, p. 107.

aar van menswees, identiteit en kultuur." Vanuit uit hierdie breë transedentale invalshoek kan toehoorders dan hulle eie vertolkings aan die lied heg.

"De la Rey" moet ook gelees word teen die agtergrond van die ander liedjies op die kompakskyf wat merendeels oor drankverbruik, motors, meisies in bikini's en rugby (die 'bruin" vleuel Bryan Habana) handel. Hierdie bydraes is meer in lyn met algemene Afrikaanse ligte musiek en het 'n ander inslag as "De la Rey". Hieruit kan afgelei word dat Van Blerk en sy groep nie van meet af daarop bedag was om 'n sterk politieke boodskap uit te straal nie.

Effe in teenstelling met die politieke aannames rondom "De la Rey", is ook beweer dat dit bloot vir finansiële gewin gedoen is. Van Blerk het dit ontken:

> Inteendeel, om die lied op 'n kommersiële album te sit, was 'n bietjie van 'n risiko. As iemand my 'n jaar gelede probeer vertel het dat 'n lied oor 'n Boeregeneraal 'n nommer-een-treffer op die radio gaan wees, bo die top name in die musiek bedryf, sou ek vir jou gelag het... .

Terselfdertyd maak Van Blerk die logiese punt dat geen kunstenaar 'n produk navore bring met die hoop dat dit nie sal slaag nie. "De la Rey" het egter hulle stoutste verwagtinge oortref en "ons gaan mos nou nie skaam wees of jammer sê dat ons nou wel geld daarmee maak nie."[17]

Dit is nie bloot toevallig dat De la Rey as historiese figuur gekies is nie. Benewens die feit dat "De La Rey" rym met "lei"wat sekerlik 'n belangrike oorweging was, het Van Blerk hom ook 'n "fassinerende karakter" gevind.[18] Die bekende digter en skrywer, Antjie Krog, is dit hiermee eens. Volgens haar was De la Rey " 'n fantastiese keuse vir die lied aangesien daar alreeds op die dag van sy dood verskeie mites oor die man ontstaan het."[19]

Die vraag wat hiermee saamhang, is waarom die De la Rey figuur in soveel geheimsinnigheid gehul was? In die opsig is dit nuttig om te let op dikwels nie-rasionele prosesse wat 'n rol by die konstituering van 'n "held" speel. Die sosioloog OE Klapp[20] het in 'n algemene bespreking van die verskynsel sekere fasette belig:

> Among the important non-rational processes which help to form heroes… are gossip, rumor, propaganda, journalism…social crisis mentality, and the

17 Anon., " Bok maak hart oop oor De la Rey", *Rapport*, 24 Februarie 2007.
18 Anon., "Bok van Blerk staan styf oor sy De la Rey-lied", *Rapport*, 21 Oktober 2006.
19 Anon., "Krog positief oor De la Rey", *Die Matie*, 21 Maart 2007.
20 OE Klapp, "Heroes, villains and fools as agents of social control", *American Sociological Review*, (19) 1, February 1954, p. 59.

> accidents of publicity and opportunity which have helped to make men famous and have obscured others equally deserving of credit... By such non-rational procesesses over a period of time, a real historical personage can grow into an almost mythical figure.

In die geval van De la Rey was daar verskeie elemente en oënskynlike teenstrydighede wat aan hom 'n enigmatiese status besorg het. Hy het sy bedenkinge oor Paul Kruger se oorlogsverklaring in 1899 gehad, maar hom tog bereid verklaar om met volle oorgawe te veg. Gedurende die oorlog het hy as gevolg van sy uitnemende krygsvernuf as die "Leeu van die Wes-Transvaal" bekend geword, maar hy was ook 'n galante veldheer wat hom oor 'n gewonde Genl PS Methuen besorg gemaak het.

Ten tye van die woelinge rondom die Rebellie van 1914 het hy sterk onder die invloed van die skaduagtige Boereprofeet, Siener van Rensburg, gekom wat daartoe bygedra het dat 'n sekere mistiese kwaliteit aan hom toegedig is. Boonop het die omstandighede van sy dood, wat Siener na bewering sou voorspel het, suspisies aangewakker. Op die vooraand van die Rebellie is hy per ongeluk deur 'n opslagkoeël van die polisie getref toe die polisie verkeerdelik die motor waarin hy en generaal CF Beyers buite Johannesburg gery het, as dié van 'n kriminele bende aangesien het. Van sy ondersteuners het hulle bedenkinge oor die wyse van dood gehad en die vals gerug versprei dat hy doelbewus op bevel van die regering geskiet is.[21] Sy mitiese status het verder gedy. Aspekte van sy loopbaan en sy dood het kennelik daartoe geleen dat hy tot 'n charismatiese held opgebou kon word. Dit is op hierdie "De La Rey-aura" wat Van Blerk-hulle in die lied en video ingespeel het. Antjie Krog het tereg daarop gewys: [22]

> De la Rey is pictured in romatic terms in the song: rushing at a gallop, flying across the landscape, known by his praise name: the Lion of the West Transvaal. A lion and a horse, majestic, beautiful fearless and fast.

Deur middel van Van Blerk is die historiese De la Rey weer in 2006 herontwaak in die vorm van 'n lied waaraan 'n verskeidenheid vertolkings geheg kon word, sonder om noodwendig 'n dieptekennis oor die Anglo-Boereoorlog te hê. Soos in sy krygsloopbaan en gesindheid ten tye van die

21 H de la Rey, *Die ware general Koos de la Rey, saamgestel deur Lappe Laubscher* (Protea Boekhuis, Pretoria, 1998); F Pretorius, *Generaal JH de la Rey* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2007); HJ May en I Hamilton, *Die dood van Generaal de la Rey* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1968); A Grundlingh, "Probing the prophet: The psychology and politics of the Siener van Rensburg phenomenon", *South African Historical Journal*, 34, 1996, pp. 225-239.

22 A Krog, "The myth, the general and the battlefield", Seminar paper, Department of Sociology, University of Stellenbosch, 16 March 2007.

1914 Rebellie, is dit eweseer moeilik om die betekenis van die legendariese herrese generaal in 2006 vas te pen.

Afrikaanse "bands" en die politiek van nostalgie

In 'n poging om die impak van "De la Rey" te verstaan, is die aard van die Afrikaanse musiekbedryf een van die kwessies wat onder die loep geneem kan word. Vanaf die middel 1990's met die opkoms van kunstefeeste en musiekbyeenkomste het Afrikaanse musiek geleidelik in gewildheid toegeneem. Die groei was sodanig dat in 2005 Afrikaanse musiek na berekening ten minste 33% van die totale verkope verteenwoordig het. In 2007 het Paul Azevedo, lid van die Afrikaanse groep, Eden,[23] die ontploffing in Afrikaanse musiek as 'n verrassende ontwikkeling beskryf:

> Tien jaar gelede het Afrikaanse musiek gesukkel om 'n deurbraak te maak. Afrikaanse musiek was taboe vir die jeug – hulle was skaam om daarna te luister en jy sou dit selde by skole of kampusse hoor... Nou het als verander ... Deesdae speel baie uithangplekke van studente net Afrikaanse musiek na 'n seker tyd, want hulle weier om op Engelse musiek te dans.

Aansluitend hierby het daar 'n vermenigvuldiging van "bands" plaasgevind en is 'n nuwe ruimte geskep waarbinne die blanke Afrikaanse jeug hulself kon uitleef.[24]

Histories was protesmusiek nie 'n uitstaande genre in Afrikaanse musiek nie, met die belangrike uitsondering van die Voëlvrybeweging wat in Afrikaans op unieke wyse hulle musiek in die 1980's teen die heersende apartheidsbestel ingespan het.[25] Gedurende die eerste helfte van die 1990's ten tye van die oorgang in Suid-Afrika het Afrikaanse musiek 'n hoofstroomkarakter getoon en was dit grootliks ontdaan van overte politieke elemente. Tog het musiek met implisiete sosiale kommentaar hierna geleidelik na die oppervlakte gekom. Bands soos die van Karen Zoid – die eerste Afrikaanse "rock chick" – en andere met name soos Klopjag, Snotkop, Brixton Roof en Moord Orkes, en Fokofpolisiekar het elkeen elemente van die veranderende kontemporêre bedeling aangespreek en hulle eie artistiek kritiese aksente gelê. Sommiges soos Zoid het ambivalente nihilistiese dimensies bevat, terwyl ander se lirieke

23 Anon., "Afrikaanse musiek breek deur", *Rapport Perspektief*, 7 Mei 2007, p. 2.
24 Anon., "Zoid-hulle in jong digters se plek", *Rapport Perspektief*, 19 September 2004.
25 A Grundlingh, "Rocking the boat in South Africa? Voëlvry music and Afrikaans anti-apartheid social protest in the Eighties", *International Journal of African Historical Studies, (*37)3, 2004, p. 483.

meer uitgesproke was in die veroordeling van staatsbeleid, gepaardgaande met 'n toenemende wrewel om as Afrikaners steeds vir die sondes van apartheid boete te moet doen. Hoewel by tye eksplisiet in hulle onvergenoegdheid, het hulle nie hierdie ontevredenheid in die vorm van 'n potensiële etniese projek uitgespreek nie.[26] Nietemin, kan daar geredeneer word dat die ongestadigheid wat hierdie groepe aangeroer het, wel in 'n mate die grond vir "De la Rey" voorberei het. Dit was egter nog steeds 'n waagstuk om met weing ironiese distansie 'n historiese figuur van die "ou" Suid-Afrika sonder veel bedenkinge te lanseer om in die gelaaide ideologiese atmosfeer van die "nuwe" Suid-Afrika te ontplof.

'n Opvallende kenmerk van "De la Rey" is die nostalgiese ondertone van die lied; dit spreek met heimweë van 'n vervloë held. Alhoewel die verskynsel van nostalgie die verlede as onderwerp het, is die essensie daarvan in die hede te vinde. Dit word in die hede gekonstrueer en dra dienooreenkomstig die spore van die tydsgees waarin dit geskep word. Terselfdertyd word die nostalgies gekonstrueerde geheuebeeld van die verlede in opposisie met die hede opgestel wat dan implisiet 'n vergelyking forseer. In beide gevalle word op 'n bepaalde wisselwerkende wyse te werk gegaan. Die verlede is geneig om gesanitiseer en geïdealiseer te word, terwyl die hede as onverkwiklik en bedreigend beleefd word; derhalwe kan emosionle krag uit die verlede geput word.[27]

Dit beteken egter nie noodwendig dat nostalgie 'n antikwariese en sentimentele terugskouing is wat 'n verlammende uitwerking op die uitdagings van die hede het nie. "Dit is eerder 'n vorm van lewensbevestiging deur sekere sake uit die verlede te herroep en (dikwels op nuwe wyses) te herwin", het Elsabé Kloppers opgemerk.[28] In dié sin kan nostalgie dan nie soseer as atavisties beskou word nie in soverre dit eerder poog om deur middel van energiegewende beelde van die verlede 'n moderne tipe fragmentasie te bowe te kom.[29] Aansluitend hierby kan nostalgie 'n betekenisgewende ontdekkingstog in die hede wees. "Baie Afrikaners was na 1994 effe skaam oor ons verlede," is die mening van die bekende Afrikaanse skrywer, Dana Snyman, wat sterk op nostalgie in sy

26 Andries "Roof" Bezuidenhout, "From Voëlvry to De la Rey: Popular music, Afrikaner nationalism and lost irony", http://www.litnet.co.za, Seminaarkamer, 28 Februarie 2007 (soos besoek op 2 Maart 2007); M Bosman,"Die FAK-fenomeen: populêre Afrikaanse musiek en volksliedjies", *Tydskrif vir Letterkunde* (41) 2, Winter 2004, pp. 36-37; Anon., "Die jeug se vastrap", *Akropolis*, 16 Junie 2007.

27 Vir 'n algemene bespreking van oor die aard van nostalgie sien D van Zyl, "'O boereplaas, geboortegrond': Afrikaner nostalgia and the romanticisation of the platteland", Ongepubliseerde BA Honneurs Navorsingsopstel, Universiteit van Stellenbosch, 2006, p. 3; F Davis, *Yearning for yesterday: a sociology of nostalgia* (The Free Press, New York, 1979), pp. 37-38.

28 E Kloppers, "Die postmodernisme, nostalgie en die himniese geheue", *Stilet* (XV)2, September 2003, p. 205.

29 Vergelyk J Fishman, *Language and nationalism* (The Open Press, Massachusetts, 1972), p. 9.

werk steun. "Nou is ons besig om onsself onbevange te herontdek. Om jouself te herontdek, moet jy weet wie jy was. Dit is hoekom ons nostalgies raak oor dit wat verby is."[30] Binne die konteks van dans- en musiekrituele wat die verlede as onderwerp het, het Eyerman en Jamison dit ook beklemtoon dat dié gebruik nie soseer van "primitiwiteit" getuig nie, maar eerder "a creatively remembered present" konstitueer.[31] Eweneens kan nostalgie nie sonder meer aan bepaalde politieke denkrigtings gekoppel word nie. Christopher Shaw en Malcolm Chase het in die verband daarop gewys:[32]

> The view of nostalgia as a self-serving, chauvinist, right-wing version of the past foisted by the privileged and propertied likewise neglects half the facts. The left no less than the right espouses nostalgia….

So byvoorbeeld in die Suid-Afrikaanse konteks beroep die African National Congress hulle gereeld op 'n linkse "struggle"-verlede, in weerwil daarvan dat die organsisasie se huidige neo-liberale ekonomiese beleid ligjare daarvan verwyder is.

Dit is duidelik uit hierdie ontleding dat nostalgie 'n veelkantige fenomeen is wat meer as bloot emosionle terugskouing behels. In die konteks van die "De la Rey"- verskynsel kan insig oor die aard van nostalgie verhelderend inwerk. Wat veral ter sake is, is die bewering dat "De la Rey" 'n onvanpaste strydkreet in die nuwe Suid-Afrika is en dat dit op 'n hunkering na verlore mag sinspeel.[33] Met die uitsondering van enkeles wat met ou Suid-Afrikaanse vlae by Van Blerk konserte opdaag en die ou volkslied sing – gedrag wat Van Blerk hom in die openbaar van distansieer[34] – getuig die diskoers rondom "De La Rey" van meer genuanseerde uitgangspunte.

Van Blerk self voer aan dat dit gaan oor respek vir kultuurgoedere en dat hulle "100% daarvoor is om aan te beweeg"; die apartheidsverlede agter te laat en deel van die "reënboognasie" te wees, "maar dan vra ons om oor dieselfe kam geskeer te word as ander groepe...".[35] Die versugting is om volwaardig as minderheid en sonder voorbehoud in die nuwe Suid-Afrika aanvaar te word.

30 Anon., "Gister se dinge", *Sarie*, Junie 2007.
31 R Eyerman en A Jamison, *Music and social movements* (Cambridge University Press, Cambridge, 1998), p. 36.
32 C Shaw and M Chase, *The imagined past: history and nostalgia* (Manchester University Press, Manchester , 1997), p. 27.
33 Anon., "The De La Rey uprising", *Mail and Guardian*, 16-22 February 2007; Anon., "We must delve deeper into a new wave of Afrikaner siege mentality", *Sunday Times*, 25 February 2007.
34 Anon.,"Hoe rey die Boere? jil-jil so!", *Die Huisgenoot*, 15 Februarie 2007.
35 Anon.,"Besige bok is 'n bok vir sports", *Beeld*, 17 November 2006.

Van Van Blerk[36] se aanhangers maak dit ook duidelik dat hulle nie:

> ...verlang na die ou bedeling van die Broederbond en liegende Nasionale Party ministers nie. Ons soek net 'n nuwe identiteit. 'n Identiteit weg van lippetaal en leuens wat deur elke woordvoerder van die Nasionale Party gepleeg is. En die pogings tot indoktrinasie deur die Broederbond. Met ander woorde die Afrikaners se eie identiteit en nie die politici se weergawe nie...En daardie identiteit het vir my duidelik geword by kunstenaars soos...Bok van Blerk...

Vir sommige ondersteuners word die aard van dié identiteit weerspieël deur onder meer 'n positiewe en onderskragende vertolking aan aspekte van Afrikanergeskiedenis te heg. Dit gaan daarom om opnuut hulle selfwaarde in dimensies van die geskiedenis te herontdek. So skryf ene Leandri Erasmus[37] aan 'n webwerf:

> Vir die eerste keer in my lewe leer ek in 2006 om trots te wees op my wit vel en Afrikanerskap. Met ' De la Rey' besef ek skielik nie al ons leiers en ons voorvaders was sleg nie. Danksy ouens soos Bok besef meer en meer mense: dis GOED om Afrikanerbloed in ons are te hê. Voor apartheid was daar ook mense, ons voorvaders was mamoerse [sic] brawe mense. Om Europa te ruil vir die avontuur van ongetemde Afrika oor hulle sterk voel oor issues – wow. ---Ek is trots op hierdie land met sy ongelooflike infrastrukture wat ons opgebou het, en waarvoor wonderlike mense (soos my pa) baie hard en eerlik gewerk het. Ek is trots op Afrikaans, die verskriklike mooi taal wat ek altyd sal aanhou praat.

Die dramaturg, Deon Opperman,[38] het dit onomwonde opgesom:

> 'De la Rey' works because there is a nexus: 'F--k we are disappearing'. It's a call to identity, to selfhood. It's saying, I am still here. It's not : 'We need a general to take us to war.'

Hierdie uitlatings spreek van 'n nostalgie wat die verlede herontdek ten einde die huidige en die toekoms as volwaardige individue met selfvertroue tegemoet te gaan. Die soeke na 'n nuwe identiteit is voorafgegaan deur geleidelike ontnugtering en onvergenoegdheid met verwikkelinge in die breë politieke domein. Een belangrike faset van die gebelgdheid is die argument dat regstellende aksie werksgeleenthede en loopbaanvooruitsigte ernstig benadeel. Swart mense word uitermate bevoordeel, [39] word geredeneer:

---

36 http://www.litnet.co.za, Bydrae van H HB Zaayman onder die opskrif "Leandri jou doring", 6 Desember 2006 (soos besoek op 2 Februarie 2007).

37 http://www.litnet.co.za, Bydrae van L Erasmus onder die titel, "My heraansluiting tot Afrikanerskap", 5 Desember 2006 (soos besoek op 2 Februarie 2007).

38 Anon., " A song that answers a deep sadness", *The Sunday Independent*, 18 February 2007.

39 Anon., "Hoe voel dit om so onderdruk te wees", *Bylae tot die Burger,* 24 Februarie, 2007.

> Ry met 'n fiets by die maatskappy in en ry dieselfde dag met 'n Mercedes-Benz daaruit.

Vir 'n post-apartheid geslag is dit moeilik om te begryp waarom hulle nog steeds vir die sondes van die vaders moet boet. 'n Ander dimensie wat prominent figureer, is die huidige gebrek aan sterk Afrikanerleiers – derhalwe die beroep op De la Rey.[40] Eweneens word ondeurdagte naamsveranderinge van dorpe deur die African National Congress 'n bron van wrewel. Aspekte van Afrikanergeskiedenis word hierdeur simbolies uitgewis en dit wil ook voorkom asof hoofsaaklik Afrikaanse plekname geteiken word.[41] In die verband beskou die joernalis Max du Preez,[42] die "De la Rey"- verskynsel as 'n:

> uiting van frustrasie en onsekerheid, 'n gevoel van gemarginaliseerd wees as wit Afrikaanssprekende in Thabo Mbeki se Suid-Afrika.

Die aard van hiérdie nostalgie toon ooreenkomste met soortgelyke verwikkelinge in die herenigde Duitsland. Onder sommige van die voormalige Oos-Duitsers is daar 'n herleefde belangstelling in die kommunistiese verlede; nie soseer omdat hulle terug verlang na die outoritêre aard van die vorige bedeling nie, maar eerder as teenreaksie teen die hooghartige wyse waarop Wes-Duitsers neersien op Oos-Duitsers. Deur sogenaamde "Ostalgie" probeer sekere Oos-Duitsers vir hulle ruimte skep in 'n nuwe wêreld waar die waardes van Wes-Duitsers sentraal staan. Deur op sekere sentimentele aspekte van die Oos-Duitse verlede te fokus, probeer hulle keer dat hulle nie heeltemal deur die dominante en welvarende Wes-Duitse kultuur oorrompel word nie.[43] Insgelyks kan redeneer word dat ten regte of onregte daar ook onder elemente van die Afrikanerjeug perspesies bestaan dat hulle geskiedenis en kultuur in 'n nuwe bedeling as gekontamineerd beskou word en dat slegs swart geskiedenis nou onbesmet is. As 'n teenreaksie daarop klink die klanke van "De la Rey" op.

'n Verdere dimensie van die "De la Rey" fenomeen is dat die nostalgiese inhoud daarvan nie noodwendig presies op dieselfde wyse tot verskillende generasies Afrikaners spreek nie. Aangesien hulle lewenservarings verskil, kan geredeneer word dat hulle belewenis van die liedjie ook sal verskil. Pieter Mulder van die

40 Anon., "'n Nuwe leier vir die Boere", *Bylae tot die Burger*, 16 Desember 2000; Anon., "The Boer roar", *The Financial Times*, 21 July 2007.

41 Anon., "A song that answers a deep sadness", *The Sunday Independent*, 18 February 2007.

42 M du Preez,"De la Rey, draai in sy graf om", *Bylae tot die Burger*, 3 Februarie 2007.

43 Vergelyk D Boyer, "Ostalgie and the politics of the future in Eastern Germany", *Public Culture*, (18) 2, Spring 2006, pp. 361-381.

Vryheidsfront + het drie generasies se response ontleed. Eerstens identifiseer hy die "kinders van Verwoerd en Vorster" wat 55 jaar of ouer is:

> Dis die FA Venter-Bedoelde land geslag. Hulle was deel van Republiekwording, deel van die 1960's toe inflasie laag, die groeikoers hoog en die toekoms veilig....Ons was op pad na die bedoelde land, waarom is ons skielik terug in die geknelde land?' wonder hulle...Hulle hou ook van De la Rey maar om ander redes as die jeug. Hulle borg Bok van Blerk en moedig hom aan om nog sulke liedjies te skryf. Dalk is dit die begin van die Afrikaner se herlewing en 'n terugwen van dinge soos dit was, meen hulle.

Die tweede generasie is die kinders van PW Botha en FW de Klerk wat tussen 30 en 55 jaar oud is:

> Hulle is kwaad en voel gebruik. Daar is nooit mooi aan hulle verduidelik waarom hulle diensplig gedoen het en waarom al die opstande in die land was nie...Daarom voel hulle terugskouend dat al hul opoffering verniet was. Dit maak hulle kwaad...Daarom is hulle versigtig vir De la Rey. As jy daarvan hou, gaan die eerder oor die wysie as die woorde.

Die derde generasie is die kinders van Mandela en Mbeki:

> Dis die De la Rey geslag. Van 'laer-trek' verstaan hulle niks, want van skooldae af was hulle tussen mense van alle tale en rasse. Hul wit-wees en Afrikanerwees is egter hoofsaaklik die rede waarom teen hulle gediskrimineer is...Hulle soek na Afrikanerhelde en en wil trots wees op wat hulle is. Daarom hou hulle van De la Rey en staan op aandag in die studentedrinkplek as dit speel. Dit het niks met rassisme of 'laertrek' te doen nie....[44]

Hierdie mag moontlik 'n te strakke verdeling wees en daar is waarskynlik 'n groter mate van intergeneratiewe wisselwerking, maar nietemin vestig dit die aandag op die velerlei geledinge in Afrikanerdom en die noodsaaklikheid om dit in ag te neem by 'n evaluasie van "De la Rey" se impak.

Benewens die breë politieke konnotasies wat aan " De la Rey" geheg kan word, bevat die nostalgiese diskoers rondom die lied ook elemente van identifiksasie met die natuur. Vir een aanhanger wek "De la Rey" daardie "gevoel wat jy kry as jy na 'n donderstorm op die Hoëveld kyk en die grond ruik" of as jy "in die nag na die sterre kyk terwyl die bos se naggeluide jou laat onseker voel oor jou eie kragte." Die lied herinner hom ook aan persoonlike meelewing met afgestorwe familielede; "daardie gevoel wat jy kry as jy in die

44 P Mulder, "Drie geslagte en De la Rey", *Die Burger*, 13 Februarie 2007.

begraafplaas staan langs jou grootouers se grafte."[45]

Benewens dat daar op bewussynsvlak 'n verskeidenheid redes vir "De la Rey" se appél was, het die oordragproses van die boodskap ook snel geskied. Toenemende tegnologiese sofistikasie het die vervaardiging van kompaksywe vergemaklik en terselfdertyd het 'n aantal kleiner produksiehuise navore gekom wat bereid was om meer risiko's as normaalweg te neem.[46] Boonop is die hedendaagse jeug besonder tegnologies gedryf met iPod musiekspelers, die aflaai en deel van gedigitaliseerde musiek en DVD spelers. Binne hierdie kader kon die tyding van "De la Rey" snel verprei word en het Van Blerk se musiekvideo ook perfek in die tegnologiese domein van die jeug gepas.[47] Hierbenewens het die opbloei van 'n groot aantal kunstefeeste in die resente verlede ook ruimte vir die verdere blootstelling van die tipe musiek geskep.

Kontekstuele kwessies en skeptiese stemme

Wanneer "De la Rey" vanuit 'n bepaalde perspektief beoordeel word, dra die diskoers spesifieke betekenisse oor. Gegee egter die kompleksiteit van Suid-Afrika met onder andere groot verskille in materiële welvaart tussen wit en swart asook basies uiteenlopende historiese leefwêrelde, is dit nie vreemd dat daar vanuit ander kontekste sekere skeptiese stemme opgegaan het nie. Eweneens was daar nie binne Afrikanergeledere noodwendig ooreenstemmigheid nie.

In 'n breër konteks kan die volgelinge van Van Blerk se gevoelsmatige soeke na identiteit ook binne die kader van Suid-Afrika se materiële realiteite geplaas moet word. Wat die ekonomie betref, is daar ontleders wat van mening is dat in weerwil van beletsels, dit op finansiële gebied met Afrikaners selfs meer voorspoedig as onder apartheid gaan.[48] Ton Vosloo,[49] voorsitter van Naspers, het daarop gewys dat afgesien van:

> kolle armblankes... dit in materiële terme nog nooit so goed gegaan het nie... Neem kennis wie strandhuise besit en in viertrekvoertuie rondry, benewens 'n Merc en nog 'n karretjie of bakkie in die garage of werf... Ons kla te maklik met die witbrood onder die arm.

45 http://www.litnet.co.za, Bydrae deur G Laubscher onder die titel "Kombuis verstaan steeds nie Bok van Blerk nie", 11 Desember 2006 (Soos besoek op 2 Februarie 2007).
46 M Bosman, "Die FAK- fenomeen", 2004, p. 44.
47 Anon., "Generaal, die medium is die boodskap", *Bylae tot Die Burger*, 24 Februarie 2007.
48 S Terreblanche, "Mag en onverdiende rykdom in Suid-Afrika", *Vrye Afrikaan*, 15 Februarie 2007.
49 T Vosloo, "De la Rey- verwagtinge en die pad na oorlewing", *Die Burger*, 11 Mei 2007.

Dit is in die verband dat Herman Wasserman, dosent in joernalistiek, in 'n satiriese stuk De la Rey aangemoedig het om die Boere te kom lei:

> Jy sal hulle moet gaan haal. Maar moenie op die verkeerde plek gaan soek nie, hoor. Bokkie se liedjie kla nou wel 'my vrou en kind lê in 'n kamp en vergaan', maar die mense wat sy liedjie uit volle bors sing, woon nie in die plakkerskampe nie. Hul kinders vergaan nie terwyl hulle hulle vir 'n hongerloon afsloof in ander mense se tuine en kombuise nie. Nee, jou volgelinge sal jy moet gaan haal in Tygervallei, die Somerset Mall en Menlyn Park. Uit die parkeerterreine sal jy groot, blink viertrekvoertuie agter jou perd sien aanry, volgelaai met proviand van Woollies.

De la Rey word ook aangeraai om sy kleredrag te verander want "daardie bandolier en onderbaadjie gaan jou lelik laat uitstaan bo die Billabongs en Levi's wat die jong penkoppe dra as hulle saans in die Mystic Boer gaan drink."[50] Hierdie uitgangspunt maak nie noodwendig die idealistiese versugtinge van Van Blerk se aanhangers ongedaan nie, maar deur ander realiteite te betrek het dit wel 'n relativeringseffek op die jeug se posisie.

By 'n ontleding van die aard van "De La Rey" konserte is oormatige drankverbruik deel van die profiel. Oor 'n bepaalde konsert is berig dat daar "gedrink is tot die biesies bewe."[51] Ofskoon drankmisbruik natuurlik vry algemeen onder jeugdiges is en nie noodwendig enige overte breër betekenis inhou nie, kontrasteer dit skerp met die sobere historiese figuur wat uit die vergetelheid ontruk word. Een kommentator[52] het dit so geformuleer:

> Die Boere van wie Bok van Blerk sing, was Godvresende mense met selfrespek, trots, etiese waardes, morele waardes, norme en lojaliteit. Die "Boere" wat vandag De la Rey in kroeë sing, leef losbandig. Hulle het geen selfrespek nie. Hulle slaap rond en het geen morele of etiese waardes nie, want hulle soek maar net geleenthede om stomdronk te raak, en oor lojaliteit kan ons lank praat.

Op dieselfde wyse is daar ook 'n diskrepansie tussen die taalgebruik van sekere individue en die algemene passie vir Afrikaans waarop Van Blerk hom beroem. So het een aanhanger hom oor Van Blerk uitgelaat: "Ek 'dig' sy 'music'. Hy's 'n 'cool' ou. Ek 'like' Bok want hy 'like' sê dit soos dit is.Hy is 'hot' hoor! 'Hot' soos 'n "potato'!"[53] Dit is duidelik dat sommige jeugdiges uit rock-konserte sal put wat ook al vir hulle sin of (onsin) maak, ongeag

50 H Wasserman, "Repliek: Ope brief aan Koos de La Rey", *Die Burger*, 12 Februarie 2007.
51 Anon., "Hoe Rey die Boere? jil-jil so!", *Die Huisgenoot,* 15 Februarie 2007.
52 Anon., "Forum: Brief van LM Janse van Vuuren", *Die Huisgenoot*, 1 Maart 2007.
53 Anon.,"Hoe Rey die Boere? jil-jil so!", *Die Huisgenoot,* 15 Februarie 2007.

die meer verhewe konnotasies wat andere moontlik daaraan sou wou heg. Hierdie gedragsuitinge dui dan terselfdertyd op die meervoudige kontekste waarbinne "De la Rey" ontvang en vertolk is.

Dit is voorts opvallend dat die De la Rey-fenomeen tekens van 'n manlikheidskarakter dra. "Masculinity", soos RW Connell[54] dit omskryf:

> ...is simultaneously a place in gender relations, the practice through which men and women engage that place in gender, and the effects of these practices in bodily experience, personality and culture.

In die geval van "De la Rey" is dit nie slegs die manlike ikoon van die man op sy perd wat die bepaalde spasie beset nie, maar sonder om te wil voorgee dat "De la Rey" nie sy kwota vroulike aanhangers het nie, wil dit ook voorkom as mans oorverteenwoordig is by konserte en vrouens so effe op die agtergrond bly. "De la Rey", skyn dit, spreek luider tot mans as vrouens.[55]

Benewens die onderlinge verskille in die wyse hoe blanke Afrikanerjeug die lied beleef, blyk dit ook dat 'n wyer lens op die verskynsel die saak meer problematiseer. So sien die bekende bruin Afrikaanssprekende teoloog en voormalige anti-apartheidsaktivis, Allan Boesak, in die liedjie "die ondertone van 'n neo-nasionalisme wat brul om 'n Boere-leier" en hy vind dit "onthutsend dat daar so eenduidig vanuit een rassegroep, een belangegroep, een denkgroep gedink word."[56] Hierdie skeptisisme vind eweneens neerslag in die ontleding van Andries "Roof" Bezuidenhout, 'n navorser in Sosiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand en ook lid van 'n musiekgroep met die naam "Brixton, Moord en Roof Orkes". Volgens hom getuig "De la Rey" van die onvermoë van Afrikanse musiek om bo die geykte definisies van self uit te styg en met nuwe konstruksies buite die dampkring van 'n bepaalde verlede na vore te kom.[57]

Sodanige voorbehoude spruit waarskynlik uit 'n aanname dat die Afrikanerjeug in die nuwe Suid-Afrika 'n nuwe en meer toepaslike identiteit behoort te skep. Die ironie is egter dat dit wil voorkom asof "De la Rey", soos aangetoon, juis vir sommige aanhangers 'n positiewe vooruitskouende beslaggewing van identiteit, gestut deur 'n relatief ongekontamineerde voor-

54 RW Connell, *Masculinities* (Blackwell Publishers, Oxford, 1995), p. 71.
55 Persoonlike observasie deur skrywer en onafhanklike waarnemings deur Sandra Swart en Lize-Marie van der Watt.
56 A Boesak, "Van buitekant die laer: Ons en die generaal", *Bylae tot Die Burger*, 24 Februarie 2007.
57 A Bezuidenhout, "From voëlvry to De la Rey", http://www-litnet.co.za, 28 Februarie 2007 (soos besoek op 2 Maart 2007), p. 12.

apartheid weergawe van die geskiedenis is. Baie van hulle het 'n beperkte ervaringswêreld en derhalwe is "De la Rey" inderdaad vir hulle nuut en vars. Dit behoort ook in ag geneem te word dat "ou" Afrikanernasionasionalisme in al sy vertakkinge vir sommige jongmense 'n vreemde veraf verskynsel is waarmee hulle moeilik kan identifiseer; dit dra 'n argaïese en problematiese karakter en word selfs so afwysend bejeen dat dit liefs nie eers bestudeer moet word nie.[58]

Dit is nietemin verstaanbaar dat as die verskynsel vanuit 'n ander hoek betrag word, die lirieke van "De la Rey" opsigself en die emosionaliteit wat met die lied gepaard gaan, genoeg is om die vermoede te laat ontstaan dat 'n herrysenis van seksionele nasionalisme te sprake is. In die afwesigheid van grootskaalse formele georganiseerde nasionalistiese Afrikanerstrukture wat hulle om die terugkeer van die ou politieke orde beywer, kan die moontlike krag van "De La Rey" egter moeilik in beduidende kanale gekanaliseer word. Die liedjie veroorsaak ten beste politieke rimpelings.

Wat verder opmerklik is, is dat die blanke Afrikanerjeug nie noodwendig die enigste minderheidsgroep is wat gefrustreerd is met verwikkelinge nie. So het daar op die Kaapse Vlakte 'n groep onder die benaming van "Movement Against Discrimination of African Minorities" (Madam) ontstaan as teenvoeter vir wat hulle as toenemende marginalisering van bruinmense deur swart Afrikane in die Wes-Kaap beskou. Hulle beroep hulle onder meer op die geskiedenis van bruinmense in dié gebied om hulle saak te bevorder. "The call to De la Rey 'om die boere te kom lei' is similar to Madam's appeal to members' history to rekindle pride in their origins,"[59] aldus die menseregte aktivis, Rhoda Kadalie.

'n Ietwat onverwagse reaksie op die "De La Rey" fenomeen, was dat die regering[60] dit gerade geag het om 'n verklaring daaroor uit te reik. Die verklaring lui dat elke groep die reg tot vryheid van spraak het, maar dat dit nodig is om bedag te wees op "De la Rey and its coded message to fermenting revolutionary sentiments".

Die dinamika van so 'n oordrewe reaksie hou verband met 'n wantrouige staat. Die Afrikaner establisment het op derglike wyse gereageer op Afrikaanse anti-

58 Terugvoering van Geskiedenisstudente aan die Universiteit van Stellenbosch, 2007.
59 R Kadalie, "On the Cape Flats, Madam sings its own De la Rey", *Business Day*, 22 February 2007.
60 http://everfasternews.com, 7 Februarie 2007, "Press Statement" (soos besoek op 16 Julie 2007).

apartheid musiek deur die Voëlvry-beweging in die laat 1980's.[61] Eweneens is populêre musiek onder kommunisme in Oos-Europa ook dikwels as ondermynend beskou. In die verband wys R Garofalo daarop dat dit 'n wydverspreide verskynsel was dat "the suspicion on the part of the authorities that even the most innocuous songs contain subversive political content, which is received as such by a 'knowledgeable' audience. The tendency has had the effect of politicizing music which is not intentionally political and enhancing the power of music which is…".[62] Op die wyse word juis die teenoorgestelde vermag van wat beoog word.

Dit is nie te vergesog om te vermoed dat die ANC se reaksie in die liedjie ook moontlik daarin gesetel het dat die term "Boere" gedurende die anti-apartheidstryd sinoniem met die vyand was en onder andere in die slagspreuk "kill the boer, kill the farmer" tot uiting gekom het. Dertien jaar na 1994 het die term, "Boer", nog nie sy negatiewe politieke konnotasies in sekere swart kringe verloor nie.[63] In die lig hiervan is dit begryplik dat 'n lied waarin die "Boere" gemobiliseer word, agterdog mag wek. Vir Sean Else, een van die mede-skrywers van "De la Rey", was dit "nogal kommerwekkend dat ons enigsins deur 'n politieke mikroskoop ontleed word" as gevolg van "'n lied wat oor 'n boeregeneraal gaan van 100 jaar terug." Volgens Else was 'n lied wat die voormalige adjunk-president, Jacob Zuma, gereeld by byeenkomste gesing het, "Awuleth' umshini wami" ("Bring my masjiengeweer") potensieel veel meer opruiend as "De la Rey".[64]

Samevatting

Oorkoepelend is 'n sentrale kenmerk van die "De la Rey"-verskynsel die wyse waarop 'n bykans vergete historiese figuur met soveel sukses (hoe kortstondig ook al) in die hede geparadeer kan word. Die redes hiervoor is hoofsaaklik in die politiek van nostalgie gesetel.

In 'n konkluderende perspektief is dit nuttig om "De la Rey" te vergelyk met die wyse waarop die Anglo-Boereoorlog vantevore in Afrikanerkringe as 'n historiese merker ingespan is. Gedurende die dertig- en veertigerjare ten tye

61 A Grundlingh, "Rocking the boat? Voëlvry music and Afrikaans anti-apartheid social protest in the eighties", *International Journal of African Historical Studies* (37) 3, 2004, p. 483.

62 R Garofalo (ed.), *Rockin' the boat : Mass music and mass movements* (South End Press, Cambridge MA, 1992), p. 10.

63 Anon., " De la Rey – Is it just a song?", *Mail and Guardian*, 18 -24 May 2007.

64 Anon., "Almal ken die wet, sê Sean Else oor 'De la Rey'", *Beeld*, 9 Februarie 2007.

van die opbloei van Afrikanernasionalisme wat eventueel in 1948 politieke vrugte by die stembus afgewerp het, het die diskoers wat toe oor die Anglo-Boereoorlog in swang was, hoofsaaklik daarom gewentel om na die verlies van 1899-1902 weer politieke mag te herbekom. Toe die uitslae van die 1948 verkiesing bekend geword het, het dit vir sommige Nasionaliste beteken dat die onregte van die oorlog herstel is.[65] In 2006 en 2007 het die diskoers eerder om 'n kulturele uitdrukking en herontdekking van identiteit gegaan sonder om 'n boodskap uit te dra wat om die herwinning van mag sentreer. Trouens, in 'n sekere sin weerspieël die lied die tevergeefse besef dat mag vir goed afgestaan is; derhalwe die bykanse klaaglike ("plaintive") beroep op 'n vergange leier wie se tyd insgelyks lankal verby is.

Die oorgrote meerderheid Afrikaners is nugter genoeg om te besef dat eertydse politieke mag nie herwin kan word nie. het. In 2004 het Tim du Plessis, redakteur van Die Rapport, in 'n bespreking or die herskepping van 'n nuwe Afrikaneridentiteit opgemerk: "Niemand sien nog 'n politieke Afrikaner nie. Politiek is 'n teer plek wat veral wit Afrikaners vermy, behalwe miskien op stemdae." Maar daar is ander ruimtes, het hy bygevoeg, wat hulle intensief verken. In die verband is daar "'n goue draad wat deur alles loop: voortdurende interaksies met die land wat net so dinamies en net so onvoorspelbaar aan die verander is as die Afrikaanse gemeenskap."[66] Die "De La Rey"- fenomeen sou twee jaar later 'n manifestasie van die proses wees. Die akkoorde van die lied het luid en mobiliserend opgeklink, maar dit beteken nie noodwendig dat daar enige verdere drakrag daarin verskuild is nie. Gegee die voortdurende stuwinge in die Afrikanergemeenskap mag dit blyk weinig meer as 'n tydelike opwelling te wees wat binnekort verplaas mag word deur ander stemme wat 'n identiteitsinslag met ander askente poneer. Wat ook al die geval, "De la Rey" sal in die toekoms as 'n terugskouende heenwyser in Afrikaanse populêre kultuur moeilik geïgnoreer kan word.

65 A Grundlingh, "The war in Twentieth-Century Afrikaner consciouness", D Omissi and A Thompson (ed.), *The impact of the South African War* (Palgrave, Basingstoke, 2002), p. 29.

66 T du Plessis, "n Groep wat herskep word", *Rapport*, 3 Oktober 2004.